Lossings Wet

G. J. du Preez 072 1876 076

665.
Lossings Wet

Die lossings-wet en die werking daarvan word baie in die Skrifte aangehaal waarvan ons ‘n paar aanhalings vat soos bv.: (a) Betaling van skuld (b) Swaershuwelik (c) Teruggee van erfdeel (d) Om bloed te wreek.

a) Betaling van skuld: YAHUSHA kom en laai al ons skuldlas op Hom. Die Wette wat ons oortree het is op Sy skouers gelaai. 1 Joh. 3:5. *En julle weet dat Hy (YAHUSHA) verskyn het om ons ~~sondes~~ Wetsoortreding weg te neem, en geen ~~sonde~~ Wetsoortreding is in Hom nie.* 1 Joh. 2:12 *Ek skryf aan julle, my kinders, omdat die ~~sonde~~ Wetsoortreding julle vergewe is om Sy Naam (YAH SHA / YAHUSHA) ontwil.* 1 Pet. 2:24 *...wat self ons ~~sonde~~ Wetsoortreding in Sy liggaam op die folterpaal gedra het, sodat ons die ~~sonde~~ Wetsoortreding kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is.* Hand. 2:38. *En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van YAHUSHA dié Gesalfde tot vergewing van ~~sonde~~ Wetsoortreding, en julle sal die gawe van die ~~Heilige Gees~~ Reine Gees ontvang.*
‘n Waarskuwing in Joh. 8:24. *Ek het dan vir julle gesê dat julle in jul ~~sonde~~ Wetsoortreding sal sterwe; want as julle nie glo dat dit Ek is nie (*Die gestuurde Seun van VADER*), sal julle in jul ~~sonde~~ Wetsoortreding sterwe (Joh. 8:25–27).* Ons is nou Losgekoop, weg van ander volke, weg van gebondenheid aan skuldlas. Ons wat fisies aan Ha satan behoort het deur Wetsoortreding, is nou vry! Nie vry van die Wet nie, maar vry van Ha satan. HalleluYAH; M.a.w. die Wet is te ere weer herstel in YAH!

b) Swaershuwelik: Uit een pa vloei sy bloed in sy seuns se are. As dood intree by ‘n broer moet die volgende broer die vrou neem sodat die bloed wat nie mag stop kan voortvloei na die volgende geslag. Die vaderskap wat ‘n Adamiet ontvang kom van onse VADER in die hemel.
YAH het die asem *(Gees)* wat Hy by VADER ontvang het, in Adam geblaas sodat hy kon leef *(fisiese saad).* YAH het aarde toe gekom as YAHUSHA en gesterf vir Sy Bloed (*Joh. 10:15–18*) en weer opgestaan en gaan weer kom om te trou met dié wat ook gesterf het in Hom! YAHUSHA staan voor Sy dissipels op Pasga en sê vir hulle: Dit is My Bloed “julle is My Bloed, My Bloed vloei binne in julle”. Dit is My liggaam “julle is My liggaam, want vlees van My vlees en been van My been is julle”. HalleluYAH!

c) Teruggee van erfdeel: Van Jubeljaar tot Jubeljaar moes die volk altyd die erfgoed teruggee wat geneem was as skuld betaling. Ha satan wat deur sy slinksheid die heerskappy op aarde ontvang het, het dit sonder betaling ontvang (*YAH se uitverkore ingesluit Luk. 4:11 “Alles is myne”).* Ha satan moes toe teruggee wat oorspronklik aan YAH behoort het. Hoekom? Omrede YAHUSHA ons wat Sy erfdeel was Los kom koop het met Sy Bloed. “Halleluja”

d) Bloed wreker. Num. 35:12–27 Gaan oor die bloed wreek wat ‘n bloedverwant verplig is om te doen. YAHUSHA gaan ingetree oor die moord van Sy “broers” en dit wreek op Sy moordenaar. *Matt. 16:27 Want die Seun van die mens staan gereed om met Sy ~~engele~~ boodskappers in die ~~heerlikheid~~ lofwaardigheid van Sy Vader te kom, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade*. YAH gaan Ha satan met sy makkers in die helse poel werp en so ook die wat Hom getart en seergemaak het sal voor daardie regterstoel verskyn! 1 Pet. 4:17 “HalleluYAH”

Ons wat die lossings wet ken, kom dit op die volgende neer: (a) YAHUSHA betaal ons skuld aan die folterpaal. (b) VADER ontvang ons in YAHUSHA se Bloed. (c) Ons Bruidegom “YAHUSHA” kom weer om te trou met Sy uitverkore. (d) YAHUSHA gaan intree oor die moord van Sy broers en dit wreek op Sy moordenaar.

YAH het as Losser, bloedverwant/ “Broer,” ons losgekoop sodat ons as kinders *(bloedverwant, naasbestaande)* aangeneem kan word. Nie as gevolg van Wetsonderhouding nie, maar as biologiese kinders van YAH *(Mal .2:15)*. YAH as “SHA” (*Sha beteken Losser*) erken ons as Sy “broers”. *(Joh. 20:17)* In Joh. 17:3 staan: *En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige ~~God~~ VADER, en YAHUSHA dié Gesalfde wat U gestuur het*. Ons wat onder YAHUSHA staan moet Wetgehoorsaam wees. Ons kan nie net vroom voorkom nie, ons moet uitgeken word in Wetsgehoorsaamheid. Ons moet uitgeken word in die onderhouding van Shabbat en Shabbate *(Feeste)* So ook die erkenning van ons Koning en Sy Naam *(Eseg. 22:26)*.

YAHUSHA wat gekom het was (en is) die Afbeeldsel van VADER waarvan ons ook ‘n afbeeldsel is van Hom; Daarom haat Ha satan ons. Ons weet dat VADER “Gees” is, maar wel ‘n Beeld moet hê! *(Gen. 1:26,27)* Ander volkere aanbid afbeeldsels van ‘n dier, Son, Maan en sterre waarvan YAH gesê het dat hulle dit mag doen, maar nie Sy uitverkore volk nie *(Deut. 4:16–19)*. YAH het wel vir ons afbeeldsels in die woestyn gegee van die hemelse *(Wat van die onsienlike realm is in die hemel)* wat onderhou en gerespekteer moet word!

Meeste van die feeste wat onderhou moes word was uitgeken in bloed en dood. YAHUSHA wat in die plek van die brand, vuur, spys, drank, dank, sond, gedenk, skuld, lof, lof dank, beweeg, hef, wydings en al die slag offergawes gekom het moet gerespekteer en verstaan word. Bv.: Pasga waar YAHUSHA die Lam is en of Huttefees waar YAH die “hut” beskerming moet wees en waarna die “dankoffer” moet gaan vir die jaar se inkomste. Waar enige diere offer moes intree vir Wetsoortreding of Eerstelinge van die graan het YAHUSHA ingetree as dié Eersteling of Lam Joh. 1:29.

Die 'vervulling' van offergawes het die 'volmaking' daarvan teweeg gebring. Ons "Broer" YAHUSHA *(Waarvan ons 'n afbeeldsel van Hom is)* het namens ons ingetree en ons Losgekoop sodat ons weer met Hom te doen kan hê in Sy Gebooie, Wette en feeste. Die fees se betekenis is nog steeds dieselfde, maar met die vervulling van YAHUSHA daarin. Met vervulling het YAHUSHA gekom in al die offergawes se plek *(Matt. 5:17)*. Nog steeds moet ons drie maal 'n jaar voor VADER verskyn, nog steeds moet ons die Shabbat en die Shabbatte vier, want duidelik staan dit in die Skrifte: "dit moet vir julle 'n ewige insetting wees" Daar staan nie tot 'n sekere tyd nie.

YAHUSHA, as "Broer", is deur VADER gestuur *(Joh. 6:57)* en Hy kom betaal ons skuld en koop ons los *(Weg van Ha satan*) met Sy bloed. Ha satan wat die betaling ontvang het moet nou die erf-besitting teruggee aan die oorspronklike eienaar*(Ex.19:5;Lev.20:26)*YAHUSHA gaan terug na VADER om Sy Koningskap te ontvang oor daardie erf-besitting *(Dan. 7:14 – 27)*.

Hy gaan nie meer terugkom as Losser nie, maar as Koning "YAH". Met Sy koms gaan Hy hulle laat kom dié wat nie wou hê dat Hy oor hulle Koning moet wees nie *(Luk. 19:27)*. Hy gaan dié wat Sy volk verly en seergemaak het "wreek en hulle verbrysel" vasbind en in die buitenste duisternis werp. Na die straf en herstelling van orde gaan Hy Sy bruid ontvang en met haar trou. Duisend jaar sal Hy haar leer. Hy sal haar liefhê, vertroos en vertroetel, weg van die ander volkere.

Wat staan ons te doen?

Ons moet YAHUSHA erken as YAH ons Koning, want YAHUSHA gaan kom as YAH en nie as VADER nie! VADER gaan Hom weer stuur om Sy erfdeel op te neem waarvan Hy ons reeds losgekoop het aan die folterpaal. Hand. 1:7 *En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die VADER deur SY eie mag bepaal het nie;* Matt. 24:36 *Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die ~~engele~~ boodskappers van die hemele nie, maar net My VADER alleen.* Mark. 13:32 YAHUSHA erken Sy koms, maar as dit VADER behaag. Daarom is dit baie belangrik om te verootmoedig en VADER te smeek dat SY Seun moet kom!
Interessant dat die wat sê "VADER in vlees" dit nie sien as YAHUSHA nie; YAHUSHA is Vader in vlees, maar nie dié VADER nie (Mal.1:6)?
*Joh. 6:28 Toe vra hulle Hom: Wat moet ons doen om die werke van VADER te volbring? :29 YAHUSHA antwoord en sê vir hulle: Dít is die werk van VADER, dat julle in Hom glo wat Hy gestuur het. :30 En hulle sê vir Hom: Watter teken doen U dan, sodat ons kan sien en U glo? Wat werk U? :32 En YAHUSHA sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, dit is nie Moses wat die brood uit die hemel aan julle gegee het nie, maar My VADER gee julle die ware brood uit die hemel. :35 En YAHUSHA sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie (*VADER stuur dié Seun).

Luk 2:34 *En Símeon het hulle geseën en aan Miriam, Sy moeder, gesê: Kyk, hierdie Kind is bestemd tot 'n val en 'n opstanding van baie in ~~Israel~~* Yashar'EL *en tot 'n teken wat weerspreek sal word*—1Joh 4:14 *En ons het aanskou en ons getuig dat die VADER die Seun as Losser van die wêreld gestuur het.*
Weereens beaam ek dat ons die Seun van VADER moet erken!
Open. 11:15 *En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse VADER geword en van Sy* Gesalfde, *en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.* 2 Pet. 1:17 *Hy het van VADER die VADER eer en lofwaardigheid ontvang toe hierdie stem uit die luisterryke respek tot Hom gekom het: Dit is My geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.* Joh. 17:24 *VADER, Ek wil dat waar Ek is, (*op aarde*) hulle wat U My gegee het, (*11 Dissipels; Yashar'EL*) ook saam met My sal wees, sodat hulle My ~~heerlikheid~~ lofwaardigheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld.* Joh. 17:22 *En Ek het hulle die respek gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is.*
Joh. 17:5 *En nou, VADER, ag My by Uself met die lofwaardigheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was.*

Ek sluit met die woorde van Joh. 14:24: *Hy wat YAHUSHA nie liefhet nie, bewaar Sy woorde nie; en die woord wat julle hoor, is nie Syne nie, maar is die VADER wat Hom gestuur het!* Onthou, niemand mag iets in die plek van die Seun plaas nie, hetsy Sy Naam of Sy Liggaam!

Ons as Sy eiendom moet Hom gou erken, want anders gaan daar nog 'n groot slagting onder ons wees. YAH sê: Ek sal My volk oordeel, maar Sy wraak kom toe die wat ons uitverkoop het, die verraaier, die lasteraar, die hater, die verdraaier, die loënaar, die ydellik, die moordenaar, die dief, die verbasterde en die wat YAH, YAHUSHA dié Gesalfde nie as Koning wil hê nie! Die wat YAHUSHA in die plak van Sy / ons VADER stel!

Die oues van die volk moet 'n vergadering uitroep vir 'n volk byeenkoms. 'n Vergadering oor eenheid van ons toekomstige Koning en Sy/ons VADER. Ons soek nie geskoolde leuenaars en ook nie die hardnekkige wat die volk verder wil verwar deur hulle lering nie. Ons soek net na die oues van die volk wat dié VADER sal aanroep dat ons Koning en Sy Koninkryk sal kom. Met daardie vergadering moet die volk op hulle knieë gaan en hulle verootmoedig voor VADER. Nie voor die tyd nie, want dan bid elkeen weereens deur sy eie sienswyse. Dan. 7:26 Vergeet asb. die groen strikkie, rooi ballonne, swart hemde, ens. Daar lê geen hulp van 'n volgende mens nie, want dit is op oppervlakkig. Kom ons maak eers skoon wat die pad verduister. Breek en verbrand die gode beelde in jou en jou mense se lewens.